



Huiskerk

Quellerina
Gemeente



Familie- waardes

Onselfsugtigheid

Dit is belangrik om na buite te leef:
Om te leer om sensitief en
verdraagsaam teenoor ander te
wees; deur empatie met ander te hê
en minder op jouself te fokus.
Alhoewel sensitiwiteit en empatie
gewoonlik met volwassenheid
gepaardgaan, kan dit egter vir
kinders geleer word.

-Hoekom is dit moeilik vir mense om
onselfsugtig op te tree?

-Dink na oor G.K Chesterton se
stelling: "Liefde vir 'n mens se naaste
is die enigste deur uit die kerker van
die self." Is dit werklik so?

-Wat is die gemoedswaarde van iets
kosbaars wat jy al prysgegee of
opgeoffer het ter wille daarvan om
iemand te help?

**Lees die tekste stadig deur.
Lees dit hardop indien moontlik.**

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

**Wat kan julle as gesin uit hierdie
les neem?**

**Watse emosies kom by jou op as
jy hierdie teks lees?**

**Waarom beleef jy daardie
emosies?**

**Wat beteken Matteus 7:12 vir jou
persoonlik? Hoe kry 'n mens dit reg?**

**Bespreek Lukas 6:27-36. Wat staan vir jou
uit in hierdie teksgedeelte? Hoe sal Suid
Afrika lyk as die ongeveer 80% mense wat
sê hulle is Christene, die goue reël in vers
31 begin leef?**

**Lees Johannes 13:1-17. Om iemand se
voete te was, was in daardie tyd een van
die vernederendste dinge om te doen.
Selfs slawe kon weier om dit te doen.
Maar Jesus, op onselfsugtige wyse, was
sy dissipels se voete. Wat sê dit vir ons?**

**Gesels met mekaar oor die feit dat
onselfsugtige diens aan ander jouself
kan bevry van jou eie hartseer.**